

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH
INSTITUSIONELE REËL RAKENDE
INENTING TEEN NUWE CORONAVIRUSSIEKTE

Verwysingsnommer van hierdie dokument	
Hemis-klassifikasie	
Doel	Die doelwitte van hierdie reël is om bystand te bied met betrekking tot die inenting van die US-gemeenskap teen Covid-19 en om 'n veilige kampus en werksomgewing vir al die US se studente, personeel en ander persone te bied.
Tipe dokument	Institusionele reël
Toeganklikheid	Intern en ekstern
Datum van implementering	Datum van publikasie deur die Registrateur
Datum van volledige implementering	1 April 2022 of op sodanige latere datum as die Raad mag vasstel
Hersieningsdatum / -frekwensie	Soos en wanneer nodig
Vorige hersienings	Nuwe Reël
Eienaar van hierdie reël	Uitvoerende Bedryfshoof
Institusionele funksionaris (kurator) verantwoordelik vir hierdie reël	Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur
Goedkeuringsdatum	□ 2022
Goedgekeur deur	Raad
Sleutelwoorde	Covid-19; inenting; institusionele reël

In geval van verskille in vertolking tussen die Engels, Afrikaans en isiXhosa-weergawes van hierdie dokument, sal die Engelse weergawe as die geldende weergawe beskou word en die Afrikaanse en isiXhosa-weergawes as vertalings.

Die redes vir hierdie institusionele reël

Die Universiteit Stellenbosch ('**US**') is die tuiste van 'n akademiese gemeenskap van meer as 30 000 studente (insluitende 4 000 buitelandse studente van 100 lande) en 3 500 permanente personeellede (insluitende 1 000 akademiëci) op vyf kampusse.

As 'n residensiële universiteit, is sy kerndoelwitte onder andere die verskaffing van onderrig en leer in persoon op sy kampusse en die fasilitering van die uitvoering van navorsing op sy kampusse.

Sedert Maart 2020 het die pandemie as gevolg van die nuwe coronavirussiekte ('**Covid-19**') onderrig en leer en navorsing aan die US beduidend ontwrig, en ook ander aspekte van kampuslewe, veral in die US-studentekoshuise en ander akkommodasie, sowel as die optimale benutting van sy ander fasiliteite.

Aanvanklik het die US hom tot noodafstandsonderrig en -leer gewend, wat behels het dat alle onderrig en leer aanlyn was, die meeste studente en personeel huis toe gestuur is en die meeste universiteitsfasiliteite het ophou funksioneer. Sedert die middel van 2020 gebruik die US aanvullende afstandsonderrig, -leer en -assessering ('**ARTLA**'), wat behels dat lesings, tutoriale en assesserings deur 'n mengsel van virtuele (aanlyn) media en in-persoon-geleenthede plaasvind, die meeste personeel en studente baie van hulle werk weg van die kampus uitvoer, US-koshuise gedeeltelik bewoon word en baie van die US se ander fasiliteite gedeeltelik benut word.

Hoewel ARTLA onontbeerlik vir die handhawing van deurlopendheid van onderrig en leer sover tydens die Covid-19-pandemie was, is dit 'n swak plaasvervanger vir in-persoon onderrig en leer, waar dosente, tutors en studente spontane interaksie kan hê, die integriteit van assesserings beter verseker kan word, die US se koshuise ten volle bewoon word, en die US se ander fasiliteite optimaal benut word.

Vervolgens moet die US stappe doen om die terugkeer na normale of bykans normale kampusonderrig en -leer en ander dienste en aktiwiteite moontlik te maak.

Die US is wetlik verplig om redelike stappe te neem om 'n veilige kampus en werksomgewing vir al sy studente, personeel en ander persone te bied.

Covid-19 is 'n hoogs aansteeklike siekte wat in sommige van sy slagoffers, in die besonder ouer mense of persone met onderliggende siektes, ernstige siektetoestande en selfs sterfte veroorsaak. Baie mense met Covid-19 wat aansteeklik vir ander is, besef eers later dat hulle aangesteek is, of, in sommige gevalle, besef hulle dit glad nie. Aangesien Covid-19 hoofsaaklik van persoon tot persoon oorgedra word, wanneer iemand in die onmiddellike teenwoordigheid is van 'n besmette persoon, is mitigerende stappe nodig om die waarskynlikheid van infeksie te verlaag. Hierdie stappe sluit die behoorlike gebruik van gesigsmaskers, voldoende ventilasie en inenting in.

Die Covid-19-pandemie in Suid-Afrika het, soos elders, gemanifesteer as 'golwe' van infeksie met hoë infeksiekoerse en groot hoeveelhede mense wat aangesteek word met die virus wat Covid-19 veroorsaak, gevolg deur 'tussengolf'-tydperke met lae infeksiekoerse en klein hoeveelhede mense wat aangesteek word. Die beskikbare mediese bewyse dui daarop dat hierdie infeksiepatroon sal voortduur totdat 'n baie hoë proporsie van ons bevolking immuun is teen Covid-19 as gevolg van voorafgaande infeksie en/of inenting.

Sedert vroeg in 2021, het die Suid-Afrikaanse regering inentings teen Covid-19 geleidelik in die land beskikbaar gestel. Tans kom alle persone wat 12 jaar oud of ouer is in aanmerking vir gratis inenting by enige van die groot aantal Covid-19- gemagtigde inentingslokale. Hierdie lokale sluit een permanente US-lokaal en ander tydelike lokale op kampus in. Die US is ook besig om 'n bevorderings- en opvoedingsprogram oor Covid-inenting aan te bied. Versterker-inentings (*booster vaccines*) word reeds aan gesondheidsorgwerkers en ander hoë risiko individue beskikbaar gemaak en sal waarskynlik aan die algemene publiek beskikbaar gemaak word op 'n infaserende wyse.

Die Covid-19-inentings wat deur die Suid-Afrikaanse regulerende owerheid vir gesondheidsprodukte (die *South African Health Products Regulatory Authority*) gemagtig is, is veilig vir gebruik deur bykans alle persone 12 jaar oud en ouer; is doeltreffend om die persoon wat ingeënt is se risiko te verminder om die virus wat Covid-19 veroorsaak op te doen; en is hoogs doeltreffend om hierdie persone se hospitalisasie en sterfte weens Covid-19 te voorkom. Boonop is daar 'n toenemend grondige korpus van mediese bewyse dat volledig ingeënte persone met deurbreekinfeksies (*breakthrough infections*) vir 'n korter tydperk aansteeklik is en minder deeltjies van die virus afskei as oningeënte persone. Volgens hierdie bewyse is dit dus minder waarskynlik dat ingeënte persone die siekte aan ingeënte en ook aan oningeënte persone sal oordra.

Na die uitvoering van 'n risiko-assessering soos deur die gekonsolideerde voorskrifte oor beroepsgesondheid en -veiligheid in sekere werkplekke (*Consolidated Directions on Occupational Health and Safety in Certain Workplaces*) (Regeringskennisgewing Nr. R.499 in *Staatskoerant* Nr. 44700 van 11 Junie 2021) voorgeskryf, het die US se bestuur besluit dat 'n hoë inentingskoers benodig word om veilig na onderrig en leer volledig in persoon terug te keer, of, ten minste, die virtuele komponente van ARTLA beduidend te verminder en die komponente van onderrig en leer in persoon ooreenkomstig te vermeerder. Enige vermeerdering in onderrig en leer in persoon sal onderhewig bly aan die insidensie en koers van Covid-19-infeksie in die breër gemeenskap op enige gegewe tydstop, en die daaruit volgende nasionale Staatsinperkingsvlak, -regulasies en -voorskrifte.

Gevolgtreklik beoog die US om 'n bindende institusionele reël te maak wat ten volle in werking sal tree vanaf die begin van die tweede kwartaal in 2022, of op sodanige latere datum wat die Raad mag bepaal, en wat in werking sal bly totdat die Covid-19-pandemie oor is of tot 'n vlak afgeneem het waar die reël veilig herroep kan word. Vanaf daardie datum, en totdat die reël herroep is, sal die voortsetting van studie aan die US afhanklik wees daarvan dat die student die US tevrede stel dat hy of sy volledig teen Covid-19 ingeënt is; personeellede sal verplig word om die US tevrede te stel dat hulle volledig teen Covid-19 ingeënt is voordat hulle toegelaat sal word om hulle diensverpligtinge teenoor die US op sy persele uit te voer, tensy hulle redelikerwys op 'n ander plek of op een of ander ander wyse tegemoet gekom kan word op 'n wyse wat nie vir die US onregverdigbare uitgawes of ander ongerief sal veroorsaak nie; en alle ander persone sal verplig word om die US tevrede te stel dat hulle volledig teen Covid-19 ingeënt is voordat hulle die US se kampus of ander geboue onder beheer van die US, sal mag betree.

Die US gee toe dat sekere persone allergies vir Covid-19-kan wees; en, vir ander, kan die gebruik van die inenting teenstrydig met 'n opregte godsdienstige of nie-godsdienstige oortuiging wees wat nie gebaseer is op valse inligting oor die veiligheid of doeltreffendheid van al die Covid-19-inentings goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse regulerende owerheid vir

gesondheidsprodukte nie. Die institusionele reël sal gevolglik vir die verlening van mediese en grondwetlike vrystellings aan sodanige persone voorsiening maak.

Die US gee verder toe dat enkele US-studente, waarvan die meeste by navorsing betrokke sal wees, se teenwoordigheid nie op die US-persone vereis word vir hul studies nie. Die institusionele reël sal gevolglik ook voorsiening maak vir die verlening van akademiese vrystellings aan sodanige persone, maar op die voorwaarde dat hulle nie toegang tot enige US-persone tydens hulle studietydperk sal verkry tensy hulle volledig ingeënt is nie.

Daar is sommige dele van die US-kampus of persone wat onder die US se beheer is, waar, weens uitsonderlike omstandighede wat op daardie plekke (bv. 'n openbare poskantoor of Onafhanklike Verkiesingskommissie-stemlokaal in 'n US-gebou) en/of alle of sommige persone wat toegang tot daardie plekke verkry (bv. deelnemers aan 'n kliniese proef wat uit 'n US-gebou uitgevoer word) betrekking het, daar 'n algemene vrystelling of 'n vrystelling aan spesifieke persone of groeperinge van persone wat tot daardie plekke toegang verkry, verleen sal word. Die institusionele reël sal voorsiening vir sodanige bedryfsvrystellings maak.

Kinders onder die ouderdom van 12 jaar, of sodanige ander ouderdom wat die Suid-Afrikaanse Nasionale Departement van Gesondheid as die minimum ouderdom waarvoor inenting teen Covid-19 in Suid-Afrika beskikbaar sal wees, mag aandui, sal outomaties van die institusionele reël vrygestel word.

Die US het regsadvies aanvaar dat die institusionele reël wettig en grondwetlik is.

Die institusionele reël rakende Covid-19-inenting

- I. Vanaf die **datum van volle implementering** en totdat hierdie reël herroep word, sal geen **US-student** geregistreer bly nie, sal geen persoon as 'n nuwe **US-student** geregistreer of as 'n **US-student** gehergeregistreer word nie, mag geen **US-personeellid** of **US-ampsdraer** toegang tot die **US-kampus** of ander persone wat deur die **US** beheer word, verkry nie, mag geen persoon as 'n nuwe **US-personeellid** in diens geneem word nie en mag geen ander persoon toegang tot die **US-kampus** of ander persone wat deur die **US** beheer word, verkry nie, tensy:
 - I.1. die persoon eers die **US** tevrede stel dat hy of sy **volledig** teen **Covid-19 ingeënt** is en sertifisering van die volledige inenting van die **US** ontvang op die wyse wat in 2 hieronder beskryf word;
 - I.2. die persoon 'n **US-student**, **US-personeellid** of **US-ampsdraer** is en deur die **US** van I.1 hierbo vrygestel is en sertifisering van sy of haar vrystelling van die **US** ontvang op die wyse wat in 3 hieronder beskryf word;
 - I.3. in geval van toegang tot die **US-kampus** of ander persone wat deur die **US** beheer word, die betrokke deel van die **US-kampus** of ander persone wat deur die **US** beheer word, weens uitsonderlike omstandighede ten opsigte van daardie plek en/of alle of van die persone wat toegang daartoe verkry, deur die **US** van I.1 hierbo vrygestel word op die wyse wat in 4 hieronder beskryf word, óf oor die algemeen óf ten opsigte van spesifieke persone of groeperinge van persone, en hy of sy so 'n persoon is; of
 - I.4. hy of sy **outomaties vrygestel is** van I.1 hierbo.

2. Om aan 1.1 hierbo te voldoen:
 - 2.1. moet elke **US-student, US-personeellid** of **US-ampsdraer** aan die **SU** bewys lewer dat hy of sy **volledig** teen **Covid-19 ingeënt is** deur sy of haar **amptelike virtuele inentingsertifikaat** of 'n gesertifiseerde afskrif van sy of haar **amptelike fisiese inentingsertifikaat** op te laai, deur gebruik te maak van die **aangewese US-platform**; en
 - 2.2. moet enige ander persoon wat toegang wil verkry tot die **US-kampus** of enige ander persele wat deur die **US** beheer word, sy of haar **amptelike virtuele inentingsertifikaat** of sy of haar oorspronklike **amptelike fisiese inentingsertifikaat** of 'n gesertifiseerde afskrif van sy of haar **amptelike fisiese inentingsertifikaat** op versoek aan 'n **US-personeellid** of kontrakteur verantwoordelik vir toegangsbeheer vir die **US-kampus** of daardie persele, toon, en

in reaksie daarop, en na verifiëring van die inentingsertifikaat, na goeddunke van die **US, virtuele sertifisering** of skriftelike sertifisering van die **US** ontvang van die US se aanvaarding dat hy of sy **volledig** teen **COVID-19 ingeënt is**.
3. Om aan 1.2 hierbo te voldoen, moet 'n **US-student, US-personeellid** of **US-ampsdraer** wat vrystelling van 1.1 hierbo verlang:
 - 3.1. vir vrystelling aansoek doen deur van die **aangewese US-platform** gebruik te maak;
 - 3.2. in sy of haar aansoek die **gronde vir vrystelling** waarop hy of sy steun spesifiseer, en die verlening van die vrystelling op die relevante templaats motiveer, en enige stawende dokumente van nie meer as 20 bladsye nie, waarop hy of sy steun, insluit deur dit op die **aangewese US-platform** te laai;
 - 3.3. indien deur die **vrystellingpaneel** versoek word, verdere dokumente verskaf, die resultate van gespesifiseerde mediese toetsing indien, en deelneem aan 'n aanlyn onderhoud oor sy of haar aansoek met die paneel, een van die paneel se lede of 'n **US-personeellid** aangewys deur die paneel vir daardie doel; en
 - 3.4. van die **US virtuele sertifisering** of skriftelike sertifisering van sy of haar vrystelling van die vereiste in 1.1 hierbo ontvang, wat enige voorwaardes en bepalings van vrystelling mag insluit wat deur die **vrystellingpaneel** kragtens 5 hieronder opgelê word.
4. Enige persoon in beheer van 'n deel van die **US-kampus** of wat enige ander persele wat deur die **US** beheer word betrek, mag:
 - 4.1. by die Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur vir bedryfsvrystelling van 1.1 hierbo aansoek doen, óf vir sodanige deel óf vir persele in die algemeen óf in verband met spesifieke persone wat tot sodanige deel of persele toegang het, deur van die **aangewese US-platform** gebruik te maak;

- 4.2. in sy of haar aansoek die besonderhede van die vrystelling wat hy of sy verlang spesifiseer en die verlening van die vrystelling motiveer, en ook enige dokumente waarop hy of sy steun, aanheg;
 - 4.3. indien versoek word deur die **vrystellingpaneel**, verdere dokumente verskaf, 'n inspeksie van sodanige deel of persele deur die paneel, een van die paneel se lede of 'n **US-personeellid** aangewys deur die paneel vir daardie doel, toelaat, en aan 'n aanlyn onderhoud met die paneel, een van die paneel se lede of 'n **US-personeellid** aangewys deur die paneel vir daardie doel, deelneem oor sy of haar aansoek; en
 - 4.4. van die **US virtuele sertifisering** of sertifisering op skrif ontvang van die vrystelling van I.I hierbo van sodanige deel of persele of van spesifieke persone of groeperinge van persone wat tot sodanige deel of persele toegang verkry, wat enige voorwaardes en bepalings van vrystelling mag insluit wat deur die **vrystellingpaneel** kragtens 5 hieronder opgelê word.
5. Wanneer die **vrystellingpaneel** 'n vrystelling kragtens hierdie institusionele reël verleen, mag die **vrystellingpaneel** enige redelike voorwaardes en bepalings oplê, insluitende voorwaardes en bepalings:
- 5.1. wat vereis dat die persoon aan die **US** negatiewe polimerasekettingreaksie- of PKR (*PCR*)-**Covid-19**-toetsuitslae verskaf wat nie later as 48 uur voor die eerste dag van elke week waarin hy of sy toegang verlang tot die **US-kampus** of enige ander persele wat deur die **US** beheer word, uitgereik is nie: Met dien verstande dat die Uitvoerende Bedryfshoof op aansoek deur 'n student wat demonstreer dat hy of sy, of sy of haar familie, of sy of haar borg se familie, minder as R600 000 per jaar verdien, aan hom of haar finansiële bystand van die US mag toeken vir die dekking van die koste om aan hierdie voorwaarde te voldoen;
 - 5.2. wat beperkings plaas op die tye wanneer, en die plekke waar, die vrygestelde persone op die **US-kampus** of enige ander persele wat deur die **US** beheer word, mag wees;
 - 5.3. wat vereis dat hy of sy 'n **N95-masker** en/of ander gespesifiseerde persoonlikebeskermingtoerusting op die **US-kampus** of enige ander persele wat deur die **US** beheer word dra;
 - 5.4. wat die geldigheidstydperk van die vrystelling beperk en/of vereis dat hy of sy by die **US** heraansoek doen vir 'n vrystelling op of voor 'n gespesifiseerde datum; en
 - 5.5. wat, in die geval van 'n vrystelling verleen deur die **akademiese vrystellingpaneel**, die betrokke **US-student** toegang tot die **US-kampus** of enige ander persele wat deur die **US** beheer word verbied tydens sy of haar studietydperk tensy hy of sy volledig ingeënt is.

6. Enige **US-student, US-personeellid** of **US-ampsdraer** wat:
- 6.1. doelbewus aan die **US** valse of wesenlik onvolledige inligting indien wanneer hy of sy die **US** se aanvaarding verlang dat hy of sy **volledig ingeënt** is of enige vrystelling ingevolge hierdie institusionele reël verlang;
 - 6.2. wanneer hy of sy toegang tot die **US-kampus** of enige ander persele wat deur die **US** beheer word verlang, aan die **US** 'n valse sertifisering van die **US** se aanvaarding dat hy of sy **volledig** teen **Covid-19 ingeënt** is, of van sy of haar vrystelling van die vereiste dat hy of sy **volledig** teen **Covid-19 ingeënt** is, ten einde toegang tot die **US-kampus** of enige ander persele wat deur die **US** beheer word te verkry;
 - 6.3. toegang tot die **US-kampus** of enige ander persele wat deur die **US** beheer word, verkry sonder 'n sertifisering waarna verwys in 2 of 3.4 hierbo of 'n gepaste sertifisering waarna verwys in 4.4 hierbo; of
 - 6.4. indien hy of sy vrygestel is van die vereiste dat hy of sy **volledig** teen **Covid-19 ingeënt** is ten einde toegang tot die **US-kampus** of enige ander persele wat deur die **US** beheer word te verkry, weier of nalaat om te voldoen aan enige voorwaarde en bepaling van vrystelling wat deur die **vrystellingpaneel** opgelê is,

sal skuldig wees aan dissiplinêre wangedrag.
7. Enige ander persoon wat toegang tot die **US-kampus** of enige ander persele wat deur die **US** beheer word verkry sonder 'n sertifisering waarna verwys in 2 of 3.4 hierbo of 'n gepaste sertifisering verwys na in 4.4 hierbo:
- 7.1. sal verplig word om onmiddellik die **US-kampus** of perseel te verlaat; en
 - 7.2. mag óf permanent óf vir 'n gespesifiseerde tydperk deur die **US** verbied word om in die toekoms toegang tot die **US-kampus** en/of enige ander persele wat deur die **US** beheer word te verkry.
8. Enige **US-personeellid** wat nie die **US** teen die **datum van volledige implementering** tevrede stel dat hy of sy **volledig** teen **Covid-19 ingeënt** is op die wyse beskryf in 2 hierbo nie of wat nie skriftelik deur die **US** vrygestel is van daardie vereiste op die wyse beskryf in 3 hierbo nie, en wat nie werk in 'n deel van die **US-kampus** of ander persele wat deur die **US** beheer word wat onderhewig is aan 'n sertifisering waarna verwys word in 4.4 hierbo wat op hom of haar van toepassing is:
- 8.1. sal **redelikerwyse** deur die **US tegemoetgekóm** word; en
 - 8.2. indien hy of sy nie **redelikerwys** deur die **US tegemoetgekóm** kan word nie, mag hy of sy vatbaar wees daarvoor om herontplooi te word, of gedegradeer te word na 'n pos waarin hy of sy **redelikerwys tegemoetgekóm** kan word, of vir sy of haar diens om deur die **US** beëindig te word in ooreenstemming met arbeidswetgewing.

9. Enige **US-student, US-personeellid** of **US-ampsdraer** wat verontreg voel oor 'n besluit aan die hand van hierdie institusionele reël wat nadelig vir hom of haar is, kan binne 14 dae skriftelik teen die besluit appelleer by die Uitvoerende Bedryfshoof. Die Uitvoerende Bedryfshoof, of 'n senior **US-personeellid** of 'n ander persoon wat op 'n gepaste wyse gekwalifiseer is en deur die Uitvoerende Bedryfshoof aangewys is om die appèl, of appèlle oor die algemeen, te hanteer en 'n beslissing te maak, sal na sy of haar goeëdunke die prosedure vasstel wat gevolg moet word ten opsigte van die appèl, met dien verstande dat dit prosedureel billik moet wees, die persoonlike privaatheid van die appellant of enigiemand anders, waar van toepassing, moet beskerm, en toegespits moet wees daarop dat die appèl so vinnig as moontlik onder die betrokke omstandighede beslis moet word. Die uitkoms van die appèl moet bekend gemaak word in 'n kort skriftelike besluit wat die redes vir die uitkoms moet insluit.
10. Die US en enige **vrystellingpaneel** sal alle **persoonlike inligting** wat ingevolge hierdie institusionele reël ingedien word vertroulik hanteer en sal dit ooreenkomstig die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013, prosessee.
11. Teen die **datum van volledige implementering** sal die Rektoraat, indien hy nie reeds dit gedoen het nie, 'n plan wat met hierdie institusionele reël moet strook, goedkeur waarin die maatreëls uiteengesit is wat die US beoog om ten opsigte van die inenting van sy werknemers in ooreenstemming met die **Gekonsolideerde Voorskrif (Consolidated Direction)** te implementeer.
12. Die eenaar van hierdie institusionele reël is die Uitvoerende Bedryfshoof, wat, bykomend tot die pligte wat elders in hierdie institusionele reël aan hom of haar opgelê word, verantwoordelik is vir rapportering aan die Raad oor die implementering van die institusionele reël, vir die voorstel van wysigings by die Raad en vir die advisering van die Raad oor die herroeping van die institusionele reël.
13. Die kurator van hierdie institusionele reël is die Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur, wat, bykomend tot die pligte wat elders in hierdie institusionele reël aan hom of haar opgelê word, verantwoordelik is vir kommunikasie oor die institusionele reël aan alle **US**-belanghebbers, en vir die uitreiking namens die **US** van sodanige interpretasies van die bepalinge van die institusionele reël wat hy of sy nodig of raadsaam mag vind, vir die monitering van die implementering van die institusionele reël, vir die advisering van die Hoofoperateur (*Chief Operator*) oor kwessies rakende die implementering, moontlike wysiging en moontlike herroeping van die institusionele reël, en vir die sameroeping van taakspanne om by te staan met sodanige monitering of die verskaffing van advies.
14. So gou as prakties moontlik nadat hulle gemaak is, moet die Registrateur hierdie institusionele reël en enige wysigings publiseer in ooreenstemming met klousule 61 van die **US se Institusionele Statuut** en ook op enige ander wyse wat in sy of haar opinie gepas is.
15. In hierdie institusionele reël, tensy die konteks andersins aandui:
 - 15.1. Beteken '**akademiese vrystellingpaneel**' een of meer komitees aangewys as sodanig deur die Uitvoerende Bedryfshoof, met elkeen bestaande uit:

- 15.1.1. 'n voorsitter aangewys deur die Uitvoerende Bedryfshoof, wat die Registrateur of 'n **US-personeellid** wat deur die Registrateur aangewys is, moet wees, en wat 'n beslissende stem sal hê indien daar 'n staking van stemme is oor enige vraagstuk wat voor die komitee dien;
- 15.1.2. twee lede van die Senaat aangewys deur die Uitvoerende Bedryfshoof; en
- 15.1.3. 'n sekretariaat aangewys deur die Uitvoerende Bedryfshoof, wat lede van die US se Oorsigondersteuning moet wees en wat nie aan die verrigtinge van die komitee sal deelneem nie;
- 15.2. beteken '**outomaties vrygestel**' onder die ouderdom van 12 jaar of sodanige ander ouderdom wat die Suid-Afrikaanse Nasionale Departement van Gesondheid as die minimum ouderdom waarvoor inenting teen **Covid-19** in Suid-Afrika beskikbaar sal wees mag aandui;
- 15.3. beteken '**grondwetlike vrystellingpaneel**' een of meer komitees aangewys as sodanig deur die Uitvoerende Bedryfshoof, met elkeen bestaande uit:
- 15.3.1. ten minste drie persone wat, gesamentlik gesien, kundiges is in grondwetlike reg, etiek, godsdiens en enige ander dissiplines wat die Uitvoerende Bedryfshoof as gepas mag beskou, insluitende 'n voorsitter aangewys deur die Uitvoerende Bedryfshoof wat 'n lid van die US se Regsdienste met 'n regs kwalifikasie-agtergrond, 'n akademiese personeellid van die Fakulteit Regsgeleerdheid of 'n eksterne prokureur moet wees, en wat 'n beslissende stem sou hê indien daar 'n staking van stemme is oor enige vraagstuk wat voor die komitee dien; en
- 15.3.2. 'n sekretariaat aangewys deur die Uitvoerende Bedryfshoof, wat lede van die US se Oorsigondersteuning moet wees en wat nie aan die verrigtinge van die komitee sal deelneem nie;
- 15.4. beteken '**Gekonsolideerde Voorskrif**' die gekonsolideerde voorskrif oor beroepsgesondheid en -veiligheid in sekere werkplekke gepubliseer deur die Minister van Indiensneming en Arbeid onder Regeringskennisgewing Nr. R.499 in *Staatskoerant* 44700 van 11 Junie 2021;
- 15.5. beteken '**Covid-19**' die akute aansteeklike siekte in mense wat deur 'n nuwe coronavirus (algemeen bekend as SARS-CoV-2) veroorsaak word, wat oorspronklik in China in 2019 geïdentifiseer is en in 2020 pandemies geraak het;
- 15.6. beteken '**aangewese US-platform**' 'n meganisme aangekondig deur die Uitvoerende Bedryfshoof vir die indiening van bewys van volledige inenting teen Covid-19 kragtens 2.1 hierbo en vir aansoeke vir vrystelling kragtens 3.1 en 4.1 hierbo;
- 15.7. beteken '**gronde vir vrystelling**':

- 15.7.1. in die geval van 'n aansoeker wat 'n **US-student** is, die gebrek aan enige nodigheid vir sy of haar teenwoordigheid op die **US**-perseel ten behoeve van sy of haar studies, soos beslis deur die **akademiese vrystellingpaneel**: Met dien verstande dat, met die beslissing van hierdie kwessie, enige afstandsonderrig en -leer waarvan die **US** gebruik moet maak om voortsetting van onderrig en leer tydens die **Covid-19**-pandemie te handhaaf nie in aanmerking geneem sal word nie;
- 15.7.2. 'n beswaar teen inenting teen **Covid-19**, gebaseer op 'n godsdienstige of nie-godsdienstige oortuiging gehuldig deur die aansoeker wat opreg is, en nie gebaseer is op valse inligting oor die veiligheid of doeltreffendheid van al die **Covid-19**-inentings goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse regulerende owerheid vir gesondheidsprodukte nie, en na die mening van die **grondwetlike vrystellingpaneel** 'n vrystelling regverdig van die vereiste dat die aansoeker **volledig** teen **Covid-19 ingeënt** is ten einde toegang tot die **US-kampus** of enige ander persele wat deur die **US** beheer word te verkry; of
- 15.7.3. 'n tydelike of permanente mediese toestand wat, na die mening van die **mediese vrystellingpaneel** 'n tydelike of permanente vrystelling van die vereiste dat die aansoeker **volledig** teen **Covid-19 ingeënt** is ten einde toegang tot die **US-kampus** of enige ander persele wat deur die **US** beheer word te verkry, regverdig;
- 15.7.4. 'n tydelike of permanente situasie wat, na die oorweging van die aansoek deur die persoon in beheer van 'n deel of sommige dele van die **US-kampus** of persele wat onder die **US** se beheer is, na die mening van die **bedryfsvrystellingpaneel** 'n tydelike of permanente vrystelling regverdig weens uitsonderlike omstandighede wat van toepassing is op daardie plekke en/of op alle of sommige persone wat toegang tot daardie plekke verkry.
- 15.8. beteken '**vrystellingpaneel**', in verband met 1.2 en 3 hierbo, die **akademiese vrystellingpaneel**, die **grondwetlike vrystellingpaneel** of die **mediese vrystellingpaneel** en, in verband met 1.3 en 4 hierbo, die **bedryfsvrystellingpaneel**, na gelang van omstandighede;
- 15.9. sal '**volledige datum van implementering**' 4 April 2022 of sodanige latere datum wat deur die Raad vasgestel word beteken;
- 15.10. beteken '**volledig ingeënt**' dat een van die volgende ontvang is:
- 15.10.1. 'n enkele dosis van die Johnson & Johnson-**Covid-19**-inenting ten minste 14 dae vantevore, of indien 'n persoon vir 'n **inentingversterker** vir sodanige inenting kwalifiseer, sodanige inentingversterker ten minste 14 dae vantevore;
- 15.10.2. die tweede dosis van die Pfizer-**Covid-19**-inenting ten minste 14 dae vantevore, of indien 'n persoon vir 'n

inentingversterker vir sodanige inenting kwalifiseer, sodanige inentingversterker ten minste 14 dae vantevore;

- 15.10.3. in die geval van persone onder die ouderdom van 18 jaar, 'n enkel dosis van die Pfizer-**Covid-19**-inenting ten minste 14 dae vantevore, of indien 'n persoon vir 'n **inentingversterker** vir sodanige inenting kwalifiseer, sodanige **inentingversterker** ten minste 14 dae vantevore;
- 15.10.4. die vereiste aantal dosisse van, en enige inentingversterkers ten opsigte van, enige ander **Covid-19**-inenting goedgekeur deur die Suid-Afrikaanse regulerende owerheid vir gesondheidsprodukte ten minste sodanige tydperk vantevore as wat die regulerende owerheid of, by gebrek van die regulerende owerheid, die vervaardiger vir die inenting of **inentingversterker** aangedui het om ten volle te begin werk; of
- 15.10.5. ten opsigte van 'n persoon wat teen **Covid-19** in 'n ander land ingeënt is, die vereiste aantal dosisse van, en enige **inentingversterkers** ten opsigte van, enige ander **Covid-19**-inenting goedgekeur deur die relevante owerheid in daardie land, ten minste sodanige tydperk vantevore as wat daardie owerheid of, by versuim deur daardie owerheid, die vervaardiger vir die inenting of **inentingversterker** aangedui het om ten volle te begin werk:

Met dien verstande dat indien die Suid-Afrikaanse Nasionale Departement van Gesondheid, of enige ander instelling of liggaam wat met die goedkeuring van die Departement optree, enige tydperk wat verskil van enige tydperk gespesifiseer in 15.10.1, 15.10.2, 15.10.3 of 15.10.4 hierbo voorskryf, die voorgeskrewe tydperk voorrang sal geniet oor die tydperk so gespesifiseer:

Met dien verstande verder dat indien, na die **volledige datum van implementering**, die Suid-Afrikaanse Nasionale Departement van Gesondheid, of enige ander instelling of liggaam wat met die goedkeuring van die Departement optree, **inentingversterkers** aan enige persone of enige groepering of groeperinge van persone in Suid-Afrika vir wie **inentingversterkers** nie vantevore in Suid-Afrika beskikbaar was nie, beskikbaar maak, sal alle sodanige persone of alle persone in sodanige groepering of groeperinge van persone dan ophou om volledig ingeënt te wees op die datum drie maande na **inentingversterkers** aan hulle beskikbaar gemaak word, tensy hulle 'n **inentingversterker** ten minste sodanige tydperk vantevore as wat die Suid-Afrikaanse regulerende owerheid of, by gebrek van die regulerende owerheid, die vervaardiger vir

die **inentingversterker** aangedui het om ten volle te begin werk:

Met dien verstande verder dat enige persoon wat so ophou om volledig ingeënt te wees vir die doeleindes van hierdie institusionele reël so sal bly totdat hy of sy 'n **inentingversterker** ontvang het en sodanige tydperk as wat die regulerende owerheid of, by gebrek van die regulerende owerheid, die vervaardiger vir die inentingversterker aangedui het om ten volle te begin werk, verstryk het;

15.11. beteken '**mediese vrystellingpaneel**' een of meer komitees aangewys as sodanig deur die Uitvoerende Bedryfshoof, met elkeen bestaande uit:

15.11.1. ten minste drie persone wat, gesamentlik beskou, kundiges in aansteeklike siektes, algemene geneeskunde, die reg en enige ander dissiplines wat die Uitvoerende Bedryfshoof as gepas mag beskou is, insluitende 'n voorsitter aangewys deur die Uitvoerende Bedryfshoof wat 'n medies gekwalifiseerde lid van die US se Kampusgesondheidsdiens, 'n akademiese personeellid van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe of 'n eksterne mediese dokter moet wees, en wat 'n beslissende stem sal hê indien daar 'n staking van stemme is oor enige vraagstuk wat voor die komitee dien; en

15.11.2. 'n sekretariaat aangewys deur die Uitvoerende Bedryfshoof, wat lede van die US se Oorsigondersteuning moet wees en wat nie aan die verrigtinge van die komitee sal deelneem nie;

15.12. beteken '**N95-masker**' 'n asemhalingbeskermingstoestel wat aan SANS 50149:2003 voldoen en ontwerp is om baie nou op die gesig te pas en baie doeltreffende filtrasie van partikels wat deur die lug versprei te bewerkstellig;

15.13. beteken '**amptelike fisiese inentingsertifikaat**':

15.13.1. 'n sertifikaat wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Departement van Gesondheid uitgedruk is en voltooi is deur 'n persoon wat verantwoordelik is vir die sertifisering van die toediening van **Covid-19**-inentings deur persone wat gemagtig is om dit te doen; of

15.13.2. 'n sertifikaat uitgedruk deur of namens 'n ander land se regering of 'n regeringsliggaam van 'n ander land wat verantwoordelik is vir die sertifisering van die toediening van **Covid-19**-inentings deur persone wat deur die relevante owerheid in daardie land gemagtig is om dit te doen of sodanige sertifikaat voltooi deur sodanige persoon,

wat sertifiseer dat die persoon op wie die sertifikaat van toepassing is **volledig ingeënt** is;

15.14. beteken ‘**amptelike virtuele inentingsertifikaat**’:

15.14.1. die **Covid-19**-inenting- Digitale Sertifikaat wat deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Departement van Gesondheid uitgereik word; of

15.14.2. ’n ekwivalente digitale of elektroniese sertifikaat uitgereik deur ’n ander land se regering of ’n regeringsliggaam van ’n ander land wat verantwoordelik is vir die sertifisering van die toediening van **Covid-19**-inentings deur persone wat deur die relevante owerheid in daardie land gemagtig is om dit te doen,

wat sertifiseer dat die persoon op wie die sertifikaat van toepassing is **volledig ingeënt** is;

15.15. beteken ‘**bedryfsvrystellingpaneel**’ ’n komitee aangewys as sodanig deur die Uitvoerende Bedryfshoof, bestaande uit:

15.15.1. die Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur, of ’n **US-personeellid** aangewys deur die Hoofdirekteur: Fasiliteitsbestuur, wat die voorsitter sal wees en wat ’n beslissende stem sal hê indien daar ’n staking van stemme is oor enige vraagstuk wat voor die komitee dien;

15.15.2. ten minste vier persone wat, gesamentlik beskou, kundiges is in aansteeklike siektes, algemene geneeskunde, fasiliteitsbestuur, die reg en enige ander dissiplines wat die Uitvoerende Bedryfshoof as gepas mag beskou; en

15.15.3. ’n sekretariaat aangewys deur die Uitvoerende Bedryfshoof, wat lede van die US se Oorsigondersteuning moet wees en wat nie aan die verrigtinge van die komitee sal deelneem nie.

15.16. bevat ‘**persoonlike inligting**’ die betekenis toegewys in artikel I van die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, 2013;

15.17. beteken ‘**redelikerwys tegemoetkom**’, ten opsigte van ’n **US-personeellid**, die wysiging of aanpassing van sy of haar pos of werksomgewing, indien dit vermag kan word sonder om vir die **US** onregverdigbare uitgawes of ander ongerief te veroorsaak, om sodoende die persoon toe te laat om voort te gaan om te werk ten spyte daarvan dat hy of sy nie **volledig** teen **Covid-19 ingeënt** is nie, insluitende ’n aanpassing wat hom of haar toelaat om van die perseel af, of tuis, of in isolasie in die werkplek te werk, of op die perseel buite gewone ure te werk, of in gevalle van beperkte kontak met ander in die werkplek, ’n vereiste dat hy of sy ’n **N95-masker** en/of ander persoonlike beskermende toerusting dra, en ‘**redelikerwys tegemoetgekom**’ bevat ’n ooreenstemmende betekenis;

15.18. beteken ‘**US**’ die Universiteit Stellenbosch;

- 15.19. beteken '**US-kampus**' die hoofkampus in Stellenbosch, die kampus van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe in Tygerberg, die kampus van die University of Stellenbosch Business School (en die Skool vir Publieke Leierskap in Bellvillepark, die kampus van die Fakulteit Krygskunde in Saldanha, die Ukwanda Landelike Kliniese Skool in Worcester en enige ander sentrum van leer en onderrig wat die **US** op enige gegewe tydstip mag hê;
- 15.20. beteken '**US Institusionele Statuut**' die institusionele statuut van die US wat onder Regeringskennisgewing 1062 in *Staatskoerant* 42636 van 16 Augustus 2019 deur die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Tegnologie kragtens Artikel 33(1) van die Wet op Hoër Onderwys, 1997, gepubliseer is;
- 15.21. beteken '**US-ampsdraer**' die bekleër van 'n amp geskep deur of na aanleiding van die **US Institusionele Statuut** wat nie 'n **US-personeellid** is nie, insluitende die Kanselier en die relevante lede van die Raad, van enige komitees deur die Raad geskep, van die Institusionele Forum en van die uitvoerende komitee van die Konvokasie;
- 15.22. beteken '**US-personeellid**' enige werknemer van die **US** wat enige beampte of werknemer van 'n maatskappe of ander entiteit besit of beheer deur die **US** insluit;
- 15.23. beteken '**US-student**' 'n student wat vir enige studiekursus aangebied deur die **US** geregistreer is, hetsy voltyds of deelyds, en ongeag of sodanige studiekursus, indien suksesvol voltooi, sal lei tot die toekenning van 'n graad, diploma, sertifikaat of ander formele kwalifikasie;
- 15.24. beteken '**inentingversterker**' 'n dosis van 'n **Covid-19**-inenting bykomend tot die aantal dosisse vir 'n aanvanklike inenting teen **Covid-19**, en enige verdere sodanige dosisse:
- 15.24.1. soos vasgestel deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Departement van Gesondheid en beskikbaar gestel aan enige persone of groeperinge van persone in Suid-Afrika deur die Departement of enige ander instelling of liggaam wat met die goedkeuring van die Departement optree, in verband met enige **Covid-19**-inenting wat vir gebruik in Suid-Afrika deur die Suid-Afrikaanse regulerende owerheid vir gesondheidsprodukte goedgekeur is; of
- 15.24.2. soos vasgestel deur die relevante owerheid in 'n ander land en beskikbaar gestel aan enige persone of groepering of groeperinge van persone in daardie land deur 'n relevante owerheid of enige ander instelling of liggaam wat met die goedkeuring van daardie owerheid optree, in verband met enige **Covid-19**-inenting wat vir gebruik in daardie land deur 'n relevante owerheid goedgekeur is;
- 15.25. beteken '**virtuele sertifisering**' sertifisering deur middel van 'n digitale of elektroniese sertifikaat uitgereik deur die **US**.